HOËRSKOOL BERGVLIET

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 9 **1 UUR 30 MINUTE**

NOVEMBER 2024 **TAAK 10** **TOTAAL: 70**

MEMORANDUM

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1:

1.1	Om ’n bestaan te kan maak.	1
1.2	Kaapstad	1
1.3.1	“pakhuis”	1
1.3.2	reuse-vullissakke	1
1.4	skarrelwerk	1
1.5	skimfigure	1
1.6	figuurlike	1
1.7	Hulle is op soek na rommel/afval/vullis.	1
1.8	Hulle moet by die dromme uitkom voordat die vullislorries dit neem.	1
1.9	Onwaar. “Hulle ken ons al by die gesig en naam.”	1
1.10	Dit sluit eenuur.	1
1.11.1	Dit is eerlike werk.	1
1.11.2	Hulle hou die omgewing skoon.	1

1.12	Feit	1
1.13	Haar vriend.	1
1.14.1	“skaam”	1
1.14.2	“hier is werk”	1
1.15	Plastiek/papier/margarine-bakkies	1
1.16	Hulle sit hulle plastieksakke eenkant/mense los vir hulle kospakkies.	1
1.17.1	Ses maande.	1
1.17.2	Op ’n plaas.	1
1.18	Ja. Hulle deel al die werk en ook die geld	1
1.19	Kos en krag	2
1.20	Hoe voel jy daaroor wanneer jy die koninginne van skarrel in jou omgewing sien?	
	Leerders se eie antwoord.	1
		[25]

GRAFIEK

1.21	Terwyl hulle reis.	1
1.22	Op skool/universiteit **ENIGE EEN**	1
1.23	Hulle gebruik dit vir navorsing/skoolwerk.	1
	ENIGE AANVAARBARE ANTWOORD	
1.24.1	slimfoon	1
1.24.2	Jy kan dit maklik ronddra. Enige plek gebruik.	1
1.25	66.8%	1
1.26	TV en speletjiekonsole.	2
1.27	Hulle wil weet wat in die wêreld/rondom hulle gebeur.	1
1.28	38.5%	1
1.29	45.4%	1
1.30.1	Vroue	1
1.30.2	51.5% vroue is tuis.	1

1.31	Mense wat die internet gebruik / Mense wat sosiale media gebruik.	1
1.32	Dink jy, dat jy te veel tyd op sosiale media spandeer?	
	Leerders se eie antwoord.	1
		[15]

AFDELING A TOTAAL: [40]

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Puntetoekenning:

7 punte vir 7 korrekte feite (1 punt per korrekte feit)

3 punte vir taalgebruik

Totale punt: 10

Verspreiding van taalpunt waar die kandidaat nié direk aangehaal het nie:

1-3 korrekte feite: 1 punt

4-5 korrekte feite: 2 punte

6-7 korrekte feite: 3 punte

Verspreiding van taalpunt waar die kandidaat direk aangehaal het:

6-7 aanhalings: geen punt vir taal nie

4-5 aanhalings: 1 punt vir taal

2-3 aanhalings: 2 punte vir taal

	DIREKTE AANHALING	MOONTLIKE ANTWOORD	PUNT
1	Algemene foute kan veroorsaak dat jou klere beskadig word in die was. Hier's wenke wat kan help dat jou klere langer nuut bly en vars ruik.	GEEN WENK NIE	1
2	Hoe meer jy jou wasgoed sorteer, hoe minder beskadig dit. Verdeel dit in hopies met ligte en donker kleure.	Sorteer jou klere.	1
3	Maak seker baadjies en langbroeke is toegerits. Los ritssluiters kan aan delikate klere vashaak. Knope moet jy egter oop los, want die knope kan die knoopsgate beskadig	Jy moet seker maak dat baadjies en langbroeke toegerits moet word.	1
4	Die oplossing om vlekke te verwyder is nie om dit hard met wasmiddel te skrop nie. Dit kan die vlek laat versprei. Vryf die wasmiddel liggies van buite na binne aan die vlek. Maak seker die vlek is verwyder voor jy die kledingstuk in 'n tuimeldroër sit.	Vryf die vlek liggies van buite na binne.	1
5	As jy bekommerd is dat die kleur van jou nuwe rooi hemp sal uitkom en jou ander klere vlek, is daar 'n maklike toets: Maak 'n weggesteekte plek op die kledingstuk klam en klad dit met 'n wit lap om te sien of die kleursel vloei. As dit doen, was die item afsonderlik tot dit ophou vloei.	Toets die klere op 'n weggesteekte plek met 'n klam lap om te kyk of dit vloei.	1
6	Was altyd jou oefenklere in koue water en met minder wasmiddel, want sterk seep kan die delikate materiaal beskadig.	Jy moet jou oefenklere in koue water was.	1
7	Om van die sweterige reuk ontslae te raak, week klere vooraf vir 15-30 minute in 'n mengsel van vier dele water en een deel asyn.	Week jou klere om van die oortollige sweet ontslae te raak.	1
8	Bleikmiddel werk die doeltreffendste wanneer dit met warm water gemeng word. Kies die warm verstelling op die wasmasjien vir die beste resultate vir jou wit goed.	Gebruik bleikmiddels met warm water.	1
	ENIGE SEWE FEITE	7 + 3 vir TAAL	

AFDELING B TOTAAL: [10]

AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

VRAAG 3:

3.1	veertig	1
3.2	tafel**s**	1
3.3	My **oor** is verskriklik seer.	1
3.4	splinternuwe	1
3.5	bly	1
3.6	stadig	1
3.7	tafeldoek	1
3.8	kom / buis / kas	1
3.9.1	Die sjef het gisteraand vir ons ‘n heerlike dis vinnig gemaak.	1
3.9.2	Vandag het die sjef vir my familie ‘n smaaklike ete in die kombuis voorberei.	1
		[10]

VRAAG 4:

4.1	koppie	1
4.2	Ntsako was baie opgewonde om die oefeninge op Tik Tok te doen.	1
4.3	Benjamin sê dat hy Maandag gimnasium toe gaan.	1
4.4	Moenie jou selfoon neer sit nie!	1
4.5	Nee, ek hou **NIE** daarvan om gesond te eet **NIE**.	1
4.6.1	stelsin	1
4.6.2	bevelsin	1
4.7	Matthew wil gesond eet en gereeld oefen**, want** hy wil gewig verloor.	1
4.8	har**d**	1
4.9	**ge**kook**te**	1
		[10]

AFDELING C TOTAAL: [20]